



Resensies / Reviews

- Lombard, Kobus. 2010. **Vlerke vir my houteend**. Pretoria: Protea Boekhuis.
(*P. van Schalkwyk*) 185
- Esterhuizen, Louis. 2010. **wat die water onthou**. Pretoria: Protea Boekhuis.
(*M. Taljard*) 190
- Walton, Chris, ed. 2009. **Song in gold pavilions: Ronald Stevenson on music**. Stellenbosch: Sun Press.
(*M.C. Watt*) 192
- Burger, Willie & Pienaar, Marné, reds. 2009. **Die tand van die tyd: opstelle opgedra aan Jac Conradie**. Stellenbosch: Sun Press.
(*M. Taljard*) 194
- Kapp, Sophia. 2009. **Die ooreenkoms**. Pretoria: LAPA Uitgewers.
- en
- Paul, Chanette. 2009. **Boheem**. Pretoria: LAPA Uitgewers.
(*H.J.G. du Plooy*) 196
- Ackermann, Marius. 2009. **Raadslid Hamersma se voorvinger wys wes**. Pretoria: Protea Boekhuis.
(*A.W.G. Raath & A. Nell*) 199
- Nel, Jan. 2009. **Laataandbiegstories en sulke dinge**. Pretoria: Protea Boekhuis.
(*S.F. Greyling*) 201
- De Vries, Anastasia. 2010. **Baie melk en twee sykers**. Pretoria: Protea Boekhuis.
(*M. Crous*) 203



Resensies / Reviews

“Vlerke waarmee jy nie kan vlieg nie”

Lombard, Kobus. 2010. **Vlerke vir my houteend.** Pretoria: Protea Boekhuis. 78 p. Prys: R130,00. ISBN: 978-1-86919-354-6.

Resensent: P. van Schalkwyk
Skool vir Tale, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

Vlerke vir my houteend is Kobus Lombard se derde digbundel. Hy debuteer in 2001 met *Geknipte naelstring* (2001), wat redelik positief ontvang is onder meer vanweë die pretensielose eenvoud van die verse (oorwegend in mineurtoon), die manier waarop bybelse gegewens na 'n Namibiese landskap getransponeer word en die eerlikheid waarmee Lombard oor die moederbinding en weeskindverlede skryf. Alhoewel die poëtiese aanbod as relatief skraal en onbeslissend geskat is, is belofte wel raakgesien. Lombard se tweede bundel, *Tussen wysvinger en duim* (2005), is steeds grootliks outobiografies gerig en hou by die tematiese register wat in sy debuut geïntroduseer is. Sy werk bly eenselwig, maar is steeds redelik deurgekomponeer, met bevredigende verrekening van die titel binne die bundelgeheel. Lombard gaan ook voort met die (meestal) beheersde, dog avontuurlose beoefening van die vrye versvorm.

Sy jongste bundel bestaan uit vier afdelings. In die eerste gaan dit veral om geloofsake en die Bybelse. Laasgenoemde word in 'n Namibiese idioom “vertaal”: die Rooisee, byvoorbeeld, word Rietsee (in “Vakature: Jeugleraar” en “Kleingeloof”). Die oordrag van bybelse gegewens na 'n lokale opset is natuurlik nie nuut in Afrikaans nie – dink maar aan D.J. Opperman se “Kersliedjie”, wat in hierdie verband byna as prototipies gesien kan word, of Adam Small, wat Moses in Kaapse Afrikaans laat praat. Soos genoem, word daar in afdeling 1 oor die geloof besin. Geloof as sodanig word ook lokaal gekleur, byvoorbeeld in “Water, hout, sand”, met die pragtige derde

strofe (“kruip ek weg op die bodem / van die hoogste duin / sif die wind my uit / tot ek alleen / voor u aangesig staan”). Enersyds word die geloof besing, maar andersyds ook as kwelling ervaar. In hierdie afdeling, die sterkste van die bundel, word God in die gewone gevind (vgl. veral “Bedelaar”).

Die tweede afdeling bevat ars poëtiese gedigte wat, ten spyte daarvan dat persoonlike waarneming en epifanie meestal die vertrekpunt is, eintlik baie “algemeen” en oppervlakkig bly ten opsigte van dit wat oor skryf gesê word. Afdeling 3 fokus op relasies van allerlei aard: intiem; met die medemens in die nabye omgewing, en verder weg via satelliet en internet; met die kultuurerfenis; met die natuur. In hierdie afdeling is daar gedigte wat van sosio-maatskaplike en politieke bewustheid getuig, maar bederf word deur ’n patronerende toon (vgl. “Klein apartheid” en “Scoonmaakster”), of verward aandoen (“Onverdiende gene”). Ten spyte daarvan dat die relasionele hier sentraal staan, word nie behoorlik van die eenselwigheid losgekomm nie. Dit is wel duidelik dat die digter let op sake wat met bundelkomposisie te make het. In “Onthou”, die laaste gedig van hierdie voorlaaste afdeling, word daar met die tematisering van afskeid mooi na afsluiting uitgereik. Die slotafdeling stel die afskeid dan sentraal, spesifiek met verwysing na “God, Ma” (vgl. “Mangelkind”).

Hierdie bundel het ’n treffende titel: *Vlerke vir my houteend*. Watter soort houteend kan dit wees?, wonder die leser by die eerste kennismaking. Gaan dit dalk oor ’n kultureel-antropologiese of estetiese artefak van die een of ander aard? Of miskien ’n lokeend (*decoy duck*)? Is dit dalk ’n speelding uit die kindertyd? Die voornaamwoord “my” dui uiteraard op relasie, op ’n nouer en persoonliker verbinding. Titels maak nuuskierig, skep verwagtings, en ’n skrywer moet daarmee rekening hou. Die eend is nou eenmaal ’n gelaaide motief. Wie ken nie die storie van die lelike eendjie wat in ’n swaan verander nie? En baie van ons het grootgeword met Sergey Prokofiev se *Pieter en die wolf* en onthou seker nog die beminlike eend (voorgestel deur die hobo), wat deur die wolf ingesluk word, maar van wie die gekwaak nog aan die einde, tydens die triomfantelike proses, vanuit die wolf se maag gehoor kan word. En Pinocchio was mos ’n houtpop wat nie houtpop gebly het nie ... Die titel van hierdie bundel van Lombard bevat inderdaad op sigself al skerp kontraste: enersyds die eend, wat algemeen as lomp en koddig beskou word, en hout wat onder meer op iets swaar, onbeweeglik dui, maar ook aards en huislik is; andersyds die ligtheid, grasie en verlossing/ontstygung wat deur vlerke opgeroep word. Hierdie leser het op grond van die titel iets byna subliem verwag. Lombard het trouens in

'n kort *Beeld*-berig (17 Des. 2001) te kenne gegee dat vryheid, ontvoogding en “uitstyg bo die stelsel” vir hom belangrik is, en het in hierdie verband verwys na twee boeke wat sy lewe verander het, naamlik Nelson Mandela se *Long walk to freedom* en Koos Kombuis se *Seks & drugs & boeremusiek*. Hy skryf: “Albei hierdie ‘rebelle’ haal hulself ’n gevangenskap op die hals – die een in ’n tronk, die ander in ’n gestig.”

Die eerste gedig van die eerste afdeling het hierdie leser se verwagtings omtrent bevryding uit beperking of gevangenskap verder aangevuur: die titel, “Spieëling”, roep al tweeledigheid op en stel, met toespeling op Gesang 177, die koms van ’n nuwe hemel op Gobabis in die vooruitsig. Die derde gedig, “God van Moses”, het dit oor die Beloofde Land. Maar teen die einde van die tweede afdeling, wanneer die titelgedig aan die beurt kom, het die leser al beseft dat hier van ontstyging min sprake gaan wees. Dit gaan toe, kom die leser nou agter, om ’n “ruwe eend” in die eikehouttafel wat “kraaloog staar” na die skrywer “met ’n plank op sy skoot / en ’n harpsnaar in sy oor / sy woordmes gereed / om vlerke vir sy houteend te kerf”. By hierdie gedig, wat ars poëties wil wees, mag die leser huiwer, enersyds by wyse van (finale) afskeid van sy verwagtings omdat “kerf” impliseer dat ook die vlerke maar van hout gaan wees, andersyds, omdat ’n mens voorbehoude mag hê oor die deurdagheid van ’n woord soos “kerf”, siende dat Lombard se woordkeuses en beeldsluiting nie altyd oortuigend is nie (vgl. bv. “buig ons gelowig na die brakwater af” in “Watergat”, “jy laat die wind soos vingers / deur my hare waai” in “Figuurlik gesproke” en die algemene geforseerdheid van “Wegskryf” en “Simfonie in G-mineur”). Daar is natuurlik geen rede waarom die houteend nie metafories met nuut-gekerfde houtvlerke sou kon vlieg nie, maar in hierdie spesifieke gedig kom dit wel as antiklimaks, omdat daar geen kontras met die “ruwe eend” van die openingsreël bewerkstellig word nie en omdat hierdie gedig poëties nie van die grond af kom nie. Die eend word ook slegs hierdie een keer in die bundel vermeld. Daarteenoor figureer woorde binne die semantiese veld van hout dikwels in hierdie bundel (en selfs die vorige bundels), byvoorbeeld “grein” (veral!), “graveer”, “kwas”, “skryfplank”, “splinter”, “vlam”, “kameelhout”, “jaarringe”. Hierdie dinge hou myns insiens ook verband met dit wat A.P. Grové in sy resensie van *Geknipte naelstring* as een van die winste van Lombard se poësie aandui: “sy vashou aan die werklikheid, deurleefde ervaring”.

Die bundel groei juis, soos hierdie leser by ’n herlees vasgestel het, vanaf ’n stryd tussen gevangenskap en ontstyging na vredemaak en

berusting (iets soortgelyks as wat 'n mens by J.C. Bloem aantref). Die eerste gedig met sy openingsreëls “ek sien 'n nuwe hemel / op Gobabis kom” word onmiddellik opgevolg deur die tweede gedig, “Klokkespel”, waarin Gods lof op 'n onwillekeurige en selfs gedwonge manier besing word: “U slaan my ystertong tot klepel / agter die hortjies van 'n toring / kerker U my in” (wat herinner aan D.J. Opperman se “Vincent van Gogh”). Begrensing en die spanninge wat daarmee verband hou is ook aanwesig in die mooi “Kraal”, met sy oortuigend deurgevoerde beelding en ongedwonge segging:

die hoekpale van my geloof
is lankal miergevreet
die ogiesdraad wat dwaalleer keer
is nie meer jakkalsdig nie
selfs die kragvoer in die krip
smaak na vreemde hande

maar in hierdie fyngetrapte kraal
sal ek vertoef tot my Herder kom

Daar is deurlopende spanning tussen uitinge soos “borrel ek weer uit / in 'n springfontein” (“Water, hout, sand”) en selfbedwang, byvoorbeeld in die tweede strofe van “Wegskryf”:

skrywer
hoe ver van jou lyf
kan jy dit waag
sonder dat die leser
die doodsreuk kry

Ontstying word dus ge-problematiseer. In die gedig “Skryfplank” gaan dit oor die nagrif van greine “wat mag uitloop op 'n vlam / of soms verrassend dwars // doodloop in 'n kwas”. Daar is vergelykbare spanning in “Ligjare” en “Amptenaar”. Maar uiteindelik is dit nie in die verdinge nie, maar wel in die lokale dat die spreker berusting en heenkome vind. In “Terugreis” wil die spreker “nie meer na kastele / of vreemde katedrale reis nie”. Sy “pad beur immer binelands / weg van die dubbelpaaie / na 'n enkelspoor”, terug “na die opstal / van my vader”. In “Kameeldoring” word die “ver boom” van vroeër nou die “nabyboom”. Die spreker verruil in “Verkyker” sy verkyker vir 'n mikroskoop, en in “Sondag in Windhoek, 2007” kuier “algar wittand saam / adem ieder die rook / van gedeelde vure”. Gelees teen hierdie agtergrond, is dit presies hierdie “lokale” hemel wat die openingsgedig reeds aan die orde stel. In hierdie opsig vertoon die bundel komposisionele integriteit.

Soos blyk uit die voorafgaande, is dit mooi sentimente wat in *Vlerke vir my houteend* onderskryf word, en daar is seker niks fout met 'n opgaan in die doodgewone en behoudende nie, maar wat 'n mens darem van 'n digter verwag, is 'n vars en gesofistikeerde kyk op sulke sake. Dit ontbreek ongelukkig meer as wenslik. Trouens, die observasies in heelwat gedigte is dermate gemeenplasing dat 'n mens beswaarlik die sin van (die meestal karig verwoorde) boekstaving kan insien (vgl. verse soos "Uitvoerende kuns", "Briefwisseling", "Ryping", "Ander oë", "Konstante veranderlike", "Tevergeefs", "Ligsensitief", "Agter my kantgordyn", "Foto's teen die muur"). Veral die poëtiese gedigte in afdeling 2 is opvallend oppervlakkig en geyk, met (herhaaldelike) verwysing na "my pen", "my ink", "my woorde", "my skryfplank", "skryfhand", "wit papier", "klinkers", "medeklinkers", ensovoorts. 'n Mens moet dus vasstel dat hierdie bundel tematies geen noemenswaardige diepgang vertoon nie. Daar is ook weinig groei te bespeur. Dieselfde temas word steeds om die beurt besoek, in dieselfde soort gedigte. Die gebrek aan ontwikkeling geld dus ook Lombard se verstegniek. In sy derde bundel lyk en verloop die gedigte basies net soos in sy debuutbundel van byna 'n dekade gelede: korterige vrye verse (soms bestaande uit een strofe, soms twee of drie, af en toe met 'n alleenstaande wending of uitklopreël of uitklopkoeplet aan die einde). Alhoewel invloede in sy werk uitgewys kan word, kry die leser tog die indruk dat Lombard hom nie juis aan die kanon en die tradisie steur nie. Daar is weinig gesprek (of oopgesteldheid vir gesprek); ook min sprake van vindingryke en funksionele aanwending van die verstegniek, en hiermee bedoel ek nie ooglopendhede soos, per geleentheid, tipografiese spel nie (vgl. in *Tussen wysvinger en duim* die gedig "Emigrant" en in *Geknipte naelstring*, "Trapsgewys"), maar eerder die fynere binnewerking van die tegniek, byvoorbeeld die metrum. Sommige verse se status as poësie is twyfelagtig. Vergelyk in hierdie verband "Vakature: Jeugleeraar", "Beelddraers", "Tevergeefs" en "Foto's teen die muur".

Daar is wel geslaagde gedigte in hierdie bundel, maar hulle is min. Ek het na 'n paar verwys. Heelwat van daardie gedigte staan in die eerste afdeling. In die ander afdelings word die leser, op die uitsondering van enkele verse na, onverskillig gelaat. 'n Mens word nie meegevoer (op wieke geneem!), verryk of uitgedaag nie. My beswaar teen hierdie bundel is nie soseer dat dit nie verbeeldingryk genoeg is of die moontlikhede opgesluit in byvoorbeeld die titel op waagmoediger en kragtiger deurgevoerde wyse verken nie, maar eerder dat Lombard se verse poëties beskou nie vlerke het nie. Die titel van hierdie resensie kom uit die slotreël van Breyten Breytenbach se gedig "Allerliefste". Die byhaal van hierdie grootmeester van

die vrye vers is dalk onregverdig, maar hoe vlieg sý poësie in ver-geleke met dié van Lombard nie! Dis weliswaar mooi dat daar dees-dae weer heelwat Afrikaanse digbundels verskyn, maar ons mag nie vergeet hoe poësie kán lyk nie.

Die vloeibaarheid van geheue

Esterhuizen, Louis. 2010. **wat die water onthou.** Pretoria: Protea Boekhuis. 72 p. Prys: R130,00. ISBN: 978-1-86919-353-9.

Resensent: M. Taljard
Skool vir Tale, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

'n Meer poëtiese bundeltitel as dié van Louis Esterhuizen se nuutste, *wat die water onthou*, kan 'n mens jou beswaarlik voorstel. Die kleurvolle waterverfskildery van Marlise Joubert op die buiteblad sluit by hierdie titel aan.

Die gedigreëks *die geduld van water*, waarin skilderye van Joubert as intertekste van verskeie gedigte funksioneer, vorm die tematiese kern van die bundel. Een van die vernaamste temas van hierdie reeks word in die gedig *akwarel* aangesny, naamlik “dat die papier se grein vorm gee / aan die vloei van kleur (...) tot dit is wat dit wel wil wees – / die gestolde vloeipatroon / van water / wat verdamp het // en nou bewaar word / agter droë glas”. Hierdie spesifieke gedig toon aan hoe die bundeltitel ook dubbelsinnig geïnterpreteer kan word – soos trouens ook die geval is in verskeie ander gedigte – naamlik dat die kleur die water onthou. Vloeibaarheid en die integrering van opposisies, soos spreek uit die aangehaalde reëls, funksioneer as bindingselemente in die bundel as 'n geheel en word onder andere in die tweede gedig van die bundel, *dat herakleitos reeds aan die begin*, pertinent aan die orde gestel. Hierdie gedig verwys na Herakleitos se stelling dat 'n mens nie tweemaal in dieselfde rivier kan instap nie; dat verandering dus die sentrale ordenende beginsel van die heelal is. Sy teorie oor die vereniging van opposisies – “the path up and down is the same” – vind eweneens dwarsdeur die bundel kreatiewe neerslag.

In 'n onderhoud met Andries Visagie verklap Esterhuizen iets oor sy werkwyse wanneer hy beweer: “'n Bundel is myns insiens ... 'n komposisie van temas en toon wat rondom bepaalde gegewens byeengebring word.” Hierdie werkswyse verklaar die sterk narratiewe onderbou van die bundel as 'n geheel. Die eerste gedig beskryf 'n

geboorte: “ ... daardie eerste moment / wanneer water aan water / geboorte gee en alles weer begin”. ’n Tydperk voor die aanvang van die “verhaal” wat in die bundel ontvou, word deur hierdie reëls opgeroep – ’n sikliese gang waarin geboorte en dood fasette van dieselfde proses is. Bewuswees van water as element van alles wat lewe, is ’n verdere belangrike bundeltema wat deur die betrokke gedig aangesny word.

’n Verdieping en abstrahering van die watergegewe word in die volgende deel van die bundel bewerkstellig deur gedigte soos *die heiligheid van water* waarin oor die rol van water in religieuse handeling en mites besin word. Water as oerelement en argetipiese simbool vind neerslag in ’n vers soos *dat water vroeër ook asem*: “twee dele waterstof, een deel / suurstof om molekule op molekule / te pak in ’n malende neerslag / veertig dae lank en veertig nagte / tot alles woensdag was en leeg / soos aan die begin ...”

Die gedigreeks, *die geduld van water*, beeld in nege gedigte die “gesprek” tussen visuele kuns en poësie uit. Dit word gevolg deur ’n sensitiewe en deurleefde “gesprek” tussen geliefdes waarin die geliefde in ’n aantal intieme momente uitgebeeld word, soos in die gedig *dat sy langs jou lê en slaap*: “ ... die onmeetlikheid van stilte / terwyl sy onbevange // na jou toe neig”.

Die laaste afdeling van die bundel val in drie dele uiteen wat Esterhuizen self in sy onderhoud met Visagie as ’n soort fugale oefening beskryf met ’n tese, antitese en sintese. In *Tema met veertien variasies*, veertien kort besinnings oor ’n strofe van die Portugese digter Rosa Alice Branco, is die toonaard persoonlik van aard, terwyl *Posisies op ’n bord* ’n reeks van ses gedigte in ’n mineurtoonaard is waarin oor die lewe (as bordspel) besin word. *Duskant die uitloop* is bedoel as ’n soort tematiese sintese van die bundel as ’n geheel en bevat gedigte waarin die lyne van die bundel as ’t ware saamgetrek word, soos in die volgende strofe: “Kwarts, ’n steen so oud / soos die aarde, selfs ouer: aangegee / van die tyd voor tyd gevorm is / en alles water was, selfs ouer: vergete / in skanderings van klip / met in sy hart iets wat vloei, / iets soos water, selfs ouer: gees.”

Die bundel sluit met die gedig *Melopee* wat ontleen is aan Paul van Ostaijen se gedig met dieselfde titel en waarin die tema van geheue as verandering en ewige vloei saamgebind word deur die beeld van die roeier wat vir ’n enkele oomblik op die watervlak verskyn, buite sig verdwyn en slegs rimpelings agterlaat. Dit is ’n beeld wat ook geassosieer kan word met die dood en aansluiting vind by die verwysing na sikliese tyd in die eerste gedig, sowel as by die gedig

dat 'n landskap van oewer en rivier aan die begin van die bundel, waarin die beeld van die roeier eweneens voorkom.

Wat struktuur betref, is die bou van die gedigte ikonies deurdat dit die vloeï wat 'n sterk tematiese lyn in die bundel vorm, immiteer: die meeste gedigte begin met "dat" sonder 'n hoofletter, eindig sonder 'n punt en vorm meestal een ononderbroke taaluiting.

[W]at die water onthou is een van Esterhuizen se sterkste bundels tot nog toe en kan beslis by literêre lesers aanbeveel word.

Ronald Stevenson

**Walton, Chris, ed. 2009. *Song in gold pavilions: Ronald Stevenson on music*. Stellenbosch: Sun Press. 148 p.
Price: R180,00. ISBN: 978-1-920109-68-4.**

Reviewer: M.C. Watt
South African College of Music,
University of Cape Town

Song in gold pavilions offers a wide selection of the writings of the composer and pianist Ronald Stevenson. This volume contains writings on his music, British music as well as on the music of the continental traditions.

The title of the book is derived from a line in Ronald Stevenson's song cycle *Border boyhood* to texts by Hugh MacDiarmid. In many ways, Stevenson, both as a prolific composer and pianist, has been a throwback to an earlier music era – an era of pianistic virtuosity and transcription as propounded by Liszt and carried on by Godowsky, Busoni and Percy Grainger. As a composer, Stevenson incorporates much folk music into his works, divulging numerous ethnic styles, including African, Indian, Chinese, various European, and, of course Scottish, Welsh and English music. As a pianist, Stevenson was a regular guest in the leading concert halls of the world where he often introduced and concertised his own works as well as those of many other composers.

One does not often find that composers write about music (either about their own or other composers' music). Stevenson has produced a large body of writings dealing not only with his own music, but also those composers who have been an inspiration to him.

This volume contains a grouped collection of essays by Stevenson on his own music, on British composers (including Edward Elgar, Frederick Delius, Alan Bush, William Walton, Bernard Stevens and Benjamin Britten), a shorter section on Scottish national music and lastly on music of continental composers such as Franz Schubert, Robert Schumann, Sergei Rachmaninov and Igor Stravinsky.

In the section on his own music, Stevenson reflects on various compelling aspects of some of his works – most notably his well-known *Passacaglia on DSCH*, a gigantic, almost eighty minute long piano work. Shorter essays are republications from the newsletter of the *Ronald Stevenson Society*. Particularly interesting is Philip Hutton's interview with Stevenson regarding his views on visual art and poetry.

The following group of essays on British composers mainly deals with analytical discussions of selected works. These writings offer enlightening insights into various compositional processes and techniques used by his fellow countrymen. Here his discourse is fluid and devoid of unnecessary complexity. Various musical examples from scores add to the clarity of Stevenson's analytical observations and comments.

In the section on Scottish music, Stevenson shows his keen awareness of his Celtic heritage. Having worked in Scotland and of Scottish ancestry, he is deeply concerned with Scotland's musical and cultural identity. Here he affectionately writes about Gaelic folk song and poetry as well as the traditional Irish harp – the *Clarsach*.

The remaining writings on music from continental Europe display Stevenson's vast knowledge and appreciation of some works by prominent composers. He discusses aspects of the creative careers of Szymanowski, Meyerbeer and Rachmaninov. These essays are thoroughly informative regarding the conception, creation and performances of highly original musical works. His narratives are relaxed, imaginative and sometimes pleasantly humorous.

As editor of this book, Chris Walton's exquisite craftsmanship is displayed with authority, good taste and finesse. His introduction to the book provides the reader with a clear contextualisation of the essays that follow, and his thorough research of the general subject matter is evident in his inclusion of detailed footnotes as well as a comprehensive index of names and works. The layout of the texts, musical examples and high quality reproductions of photographs make this book a pleasure to read.

Composers are frequently unfairly pigeonholed as lofty idealists, far removed from the general music public. Whilst Stevenson's extraordinary intellect is indeed impressive, these writings are firmly placed at the service of his remarkable passion and his earthy intensity of feeling.

This book will appeal to a large audience, including performers, musicologists, concert promoters and music lovers of all ages and tastes.

Eerbetoon aan Jac Conradie

Burger, Willie & Pienaar, Marné, reds. 2009. **Die tand van die tyd: opstelle opgedra aan Jac Conradie.** Stellenbosch: Sun Press. 227 p. Prys: R180,00. ISBN: 978-1-920338-13-8.

Resensent: M. Taljard
Skool vir Tale, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

In die versamelbundel *Die tand van die tyd* word daar op luisterryke wyse eer betoon aan een van Suid-Afrika se mees gerespekteerde akademici, naamlik professor Jac Conradie wat die grootste deel van sy akademiese loopbaan aan die Universiteit van Johannesburg (UJ) verbonde was. Veral op die gebied van die taalkunde was Conradie sy tyd ver vooruit. Hy sal met bewondering deur sy studente onthou word as een van die min filoloë wat binne die Afrikaanse taalkunde gewerk het. Een van sy groot belangstellings is die newelagtige oorsprong van die Romaanse en die Germaanse tale in antieke tale soos Oud-Noors en Goties – 'n vak wat studente aan die UJ kon neem toe geen ander universiteit dit meer aangebied het nie – aldus die bundelvoorwoord. Die inhoud en ordening van die bundel weerspieël die uiteenlopende spesialisterreine waarop Conradie in sy loopbaan van etlike dekades gepubliseer het en sy vernaamste belangstellingsvelde. Kyk 'n mens na die skrywers wat bereid was om 'n bydrae tot die bundel te maak, kom jy onder die besef van die aansien wat Conradie plaaslik en wêreldwyd geniet het.

Deel 1 van die bundel bevat vyf opstelle oor die vergelykende taalkunde wat handel oor die verskil in die vorming van die Imperfektum in Romaanse en Wes-Germaanse tale (Werner Abraham, Universiteit Wene), die geaardheid van geslagvorming by leenwoorde in Nederlands (Camiel Hamas, Europese Parlement), 'n artikel oor die

akademiese beoordeling van Nubiese Grieks waarin 'n aantal interessante stellings gemaak en indringende vrae gevra word (Ben Hendrickx, UJ) Verder is daar 'n opstel oor die struktuur van die naamwoordstuk in Swahili (Amani Lusekelo, Dar es Salaam Onderwyskollege) en 'n baie insiggewende verslag deur Marné Pienaar en Anne-Marie Beukes (UJ) wat die projek beskryf waartydens 'n Afrikaanse terminologielys opgestel is na aanleiding van 200 sleutelkonsepte wat deur die Federasie van Vertalers as basis gebruik word. Hierdie artikel maak 'n beduidende bydrae tot Vertaalkunde as akademiese vakterrein.

Deel 2 van die bundel konsentreer op die Geskiedenis. Die eerste artikel in hierdie afdeling handel oor die Vikings en behoort selfs vir leke baie interessant te wees (M.C. Anderson, voorheen van Unisa). Eugenie R. Freed (Wits) se artikel oor Chaucer se lewensbeskouing in *Knight's tale* is eweneens 'n goed nagevorsde artikel, soos ook die artikel van Leonie Viljoen (Unisa) waarin sy, in haar eie woorde, 'n brug bou tussen die kontemporêre postkoloniale temas van ontworteling en alternatiewe identiteit en die middeleeuse Engelse poësie – 'n artikel wat ten diepste in die literêre teorie gewortel is. Stanislaw Prędoła (Wroclaw) skryf oor die algemene kenmerke van Nederlandse priamels, 'n tipe spreekwoord wat uit 'n opsommende en 'n becommentariërende deel bestaan. Die laaste bydrae uit hierdie afdeling is van Willie Burger (UJ) oor grafstene in Karel Schoeman se roman, *Hierdie lewe*. Soos altyd fassineer en beïndruk Burger deur sy skerpsinnigheid en deursigtige skryfstyl. Die slotsom van sy opstel lui: “Die handeling van die graf is veel meer as blote herinnering deur 'n grafsteen, dit behels juis die integrering van die dooies in ons eie lewens. Sodoende kom hulle lewens tot iets ... maar so word ook die dood deel van ons eie lewens en kan ons vrede maak met die dood.” (p. 140.)

Die voorlaaste gedeelte van die bundel handel oor die literêre kritiek en bevat bydraes van bekende en gerekende literatore. Willem J. Botha (UJ) onderneem 'n ondersoek na metafoorgebruik by Breyten Breytenbach waarvoor Heilna du Plooy in die flapteks skryf: “Willem Botha se bydrae oor die kognitiewe interpretasie van 'n poëtiese teks is 'n werklik vernuwende bydrae tot die literatuurstudie ...” Ook Thys Human (UJ), 'n kenner van die oeuvre van Ingrid Winterbach, se opstel oor trauma en verlies in haar roman *Niggie* is, soos altyd, deeglik nagevors en op 'n besonder hoë pyl. Marthinus Beukes (UJ) skryf oor die intertekstuele gesprek tussen Tom Gouws en Van Wyk Louw, terwyl Karin Cattell (US) se bydrae handel oor Van Wyk Louw en Afrikaneridentiteit in die vroeë twintigste eeu.

Afdeling 4, oor ikonisiteit, bestaan uit 'n enkele langer opstel van Ronél Johl (UJ) waarin sy 'n deeglike en omvattende navorsing uiteensit oor Jac Conradie se betrokkenheid by ikonisiteit en sy navorsing oor die legende van die seebiskop – 'n waardige slot vir hierdie bundel!

Die kleurvolle glansbuiteblad weerspieël sowel die multi-fasettigheid van die bundel as die akademiese fokus daarvan. Enkele redaksionele sake het gepla, byvoorbeeld die feit dat alle opstelle nie 'n opsomming het nie, sommiges opsommings in sowel Afrikaans as Engels het en ander slegs in Engels. Oor die algemeen maak die boek egter 'n positiewe indruk en behoort dit sowel aangename as stimulerende leesgenot te bied aan akademici wat in die taalkunde of die letterkunde spesialiseer, maar ook 'n bydrae tot die bogenoemde akademiese vakgebiede wil maak.

Neem kennis van hierdie soort literatuur

<p>Kapp, Sophia. 2009. Die ooreenkoms. Pretoria: LAPA Uitgewers. 520 p. Prys: R160,00. ISBN: 978 07993 4471 4.</p> <p>en</p> <p>Paul, Chanette. 2009. Boheem. Pretoria: LAPA Uitgewers. 586 p. Prys: R180,00. ISBN: 978 0 7993 4464 6.</p>
--

Resensent: H.J.G. du Plooy
Skool vir Tale, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

In enige literatuur wat 'n mate van volwassenheid bereik het, is daar tekste in verskillende genres, dit wil sê daar word 'n verskeidenheid soorte literatuur in daardie taal gepubliseer. Dit gaan nie net om prosa en poësie en drama nie, maar juis om die subgenres wat binne elke genre ontwikkel, geskryf en gelees word. In hierdie veelheid word die moontlikhede van 'n literatuur sigbaar. Wat verhalende tekste betref, is daar in Afrikaans werklik 'n groot verskeidenheid soorte tekste wat aktief beoefen en gelees word: van heel eenvoudige volkse vertellings af tot by die groot hoeveelheid populêre literatuur tot by die esoteriese tekste wat deur individualistiese skrywers geskryf word en wat telkens 'n unieke en eiesoortige beeld van 'n bepaalde werklikheid gee.

Vroeër is daar nie veel formele aandag aan die sogenaamde ligte leesstof, verstrooiingsliteratuur of ontspanningsliteratuur, of selfs die

sogenaamde goeie gewilde prosa gegee nie. Dit was ook die geval in die meeste westerse tale dat daar selfs so 'n bietjie neergesien is op sulke minder gekompliseerde verhale. Desnieteenstaande is meer toeganklike romans – liefdesromans, speurverhale en avontuurverhale – steeds ywerig gekoop en gelees. In die meeste tale maak hierdie boeke deel uit van 'n baie suksesvolle sakebedryf en die skrywers wil almal graag 'n topverkoper skryf.

Binne die postmodernistiese denke word die onderskeid tussen hoë en lae literatuur, dit wil sê tussen populêre boeke en ernstige tekste wat primêr met estetiese en selfs filosofiese oogmerke geskryf word, gerelativeer en selfs ontken. Daar is ook tans groot belangstelling in die studie van die populêre genres, omdat dit insig verskaf in die psige van die lesers en dikwels ook in die tydsgees van 'n era.

Dit bly egter 'n belangrike aspek van lees om die verskeidenheid van literatuursoorte in gedagte te hou. 'n Mens moet elke boek lees soos wat hy bedoel is, jy moet begryp dat die boek ditself op 'n bepaalde manier aanbied en selfs op 'n bepaalde leser gerig is. Dit is veral waar van die meer toeganklike boeke soos liefdesromans, speurverhale en spanningsverhale. Inderdaad is boeke wat op bepaalde markte gerig is, sterker genrebepaald as die boeke van 'n ernstige skrywer wat in die eerste plek graag wil eksperimenteer met sowel tema as styl.

Die romans wat liefdesverhale bevat, kan meer of minder gekompliseerd wees. Die sogenaamde romanses (*romances*) is baie lig, baie gemaklik en bied 'n vinnige leeservaring, terwyl die liefdesroman (*romance novel*) 'n omvattender en meer gekompliseerde verhaal en 'n stewiger leeservaring bied. Dit is wel so dat populêre liefdesverhale altyd gaan om die ontmoeting, die verliefraak en die ontwikkeling van 'n verhouding tussen 'n man en 'n vrou en dat daar 'n gelukkige einde deur die leser verwag word. Die liefdesroman is meestal meer kompleks met verskillende verhaallyne, sielkundige of historiese aspekte wat breër uitgewerk word, sonder om die spanningslyn van die “uitgestelde begeerte” prys te gee.

Aansluitend hierby is ook die romantiese spanningsverhale (*romantic suspense novels*), waarin benewens die liefdesverhaal ook 'n sterk en spannende intrige voorkom, meestal rondom 'n moord of een of ander misterieuse saak. In hierdie opsig sluit hierdie boeke aan by die speurverhaal, die polisieroman, maar ook by die gotiese roman waarin die onbekende en onbegryplike magte 'n rol speel.

In al hierdie genres ken die leser die patroon waarop die romans basies geskoei is en die leser wil hê dat die roman aan daardie vereistes moet voldoen. Indien daar afgewyk word, is dit wel interessant, maar die genre moet steeds herkenbaar bly. Skrywers van hierdie genres weet en aanvaar ook dat hulle die smaak en die voorkeure van hulle lesers in ag moet neem. Hierdie skrywers wil nie groot en ewige literêre werke skryf nie, hulle wil leesbare boeke skryf wat deur mense gelees en geniet word. Die genres waarin hulle werk, vereis dat hulle 'n baie goeie aanvoeling en begrip moet hê van die verwagtingshorison van die lesers. Dit is hierdie verwagtingshorison wat die verloop van die verhaal en die styl waarin geskryf word, bepaal en tegnies is dit nie so maklik nie. Hierdie mense is knap en vaardige skrywers en hulle werk verdien meer respek as wat dit ontvang.

Daar is tans in Afrikaans, afgesien van skrywers van die heel ligte liefdesverhaaltjies, 'n hele paar skrywers wat populêre boeke vir intelligente lesers skryf – stewige, realistiese en oortuigende verhale wat 'n leser kan meevoer en laat ontspan deur in ander mense se ervarings op te gaan en van die onmiddellike werklikheid te vergeet.

Sophia Kapp is so 'n skrywer. In *Die ooreenkoms*, soos in haar vorige boeke, werk sy met karakters wat sterk oortuigings het, mense wat weet wat hulle van die lewe wil hê, maar wat ook swaar dra aan die bagasie van die verlede. *Die ooreenkoms* skram nie weg van netelige persoonliksheidseienskappe nie, ook nie van die seksuele behoeftes en ervaring van mense nie. Die karakters in hierdie verhaal oortuig as mense van die vroeë 21e eeu en lesers kan met hulle identifiseer en deur hulle geboei word. Vanselfsprekend is daar in hierdie roman, soos ook in haar vorige romans, 'n vermoede van die gelukkige afloop van die verhaal, maar nogtans lees die leser om uit te vind hoe daardie einde bereik word.

Boheem van Chanette Paul is as spanningsroman ook 'n goeie leeservaring. Daar is moorde. Daar is baie geheime. In die verlede, wat heelwat anders blyk te wees as wat aanvanklik gedink word, lê die sleutel tot die gebeure. Of die intrige oral ewe oortuigend is, is minder belangrik, want die karakters en die omstandighede is wel interessant genoeg om die leser aan die wonder en aan die lees te hou.

Albei hierdie romans bied goeie ontspanningsleesstof, maar gewis op 'n hoër vlak as wat 'n mens soms sou wou dink. Die boeke is albei vlot en onderhoudend geskryf, met 'n baie goeie begrip vir die leserspubliek waarmee hulle werk en met veral deeglike begrip en

insig in die genres waarin hulle skryf. Selfs geoefende literêre lesers het behoefte daaraan om net deur 'n verhaal meegevoer te word en so lesend te ontspan. Daar moet nooit vergeet word hoe belangrik dit vir mense is om hulle gewoon in te leef in die wel en weë van ander nie – daarin lê die trekkrag en die betowering van verhale. Van vroeg af tot nou gee lesers hulle graag aan hierdie trekkrag en betowering oor, meer nog, dit is iets wat mense altyd broodnodig het.

Quis ipsos custodes custodiet?

Ackermann, Marius. 2009. **Raadslid Hamersma se voorvinger wys wes.** Pretoria: Protea Boekhuis. 247 p. Prys: R150,00.
ISBN: 978-1-86919-320-1.

Resensente: A.W.G. Raath & A. Nell
Departement Staatsreg en Regsfilosofie,
Universiteit van die Vrystaat

Hierdie satiriese werk ondersoek die onstuimige pad van 'n gemeenskap in die aanloop tot en die afloop van 'n demokratiesverkose meerderheidsregering. Die leser word deur die oë van 'n koerantman, Wessel Wessels, teruggeneem na 'n klein dorpie se oorgang vanaf 'n wit minderheidsbestuur na 'n swart meerderheidsbewind en die struwelinge om vreedsame politiese verandering te bewerkstellig. Op 'n spitsvondige wyse ondersoek die verhaal die vele karakters wat in hierdie onstuimige tye op die golwe van politieke wendings heen en weer geslinger word. Derhalwe word die politieke spel van die onderskeie "akteurs" haarfyn weergegee – die reaksies van die regsdes, die weermag, die polisie en die regerende partye teen die agtergrond van Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing in 1994: die wit-swartkontras, politieke spanning en soeke na 'n beter lewe.

Regdeur die satire bly die sentrale temas: Wie bewaak die bewakers? Is werklike politieke verandering moontlik? Is demokrasie haalbaar? Saam met Wessel beur die lesers deur hierdie kwelpunte en uiteindelik, wanneer die koerantman sy storie kry, word die lesers langs die weg van satire didakties tot kernbelangrike insigte begelei. Die unieke benadering van die verhaal, wat gedeeltelik in die hede en gedeeltelik in die verlede afspeel, verseker 'n breër perspektief op die kwelpunte wat ondersoek word. Suid-Afrika se eerste demo-

kratiese verkiesing van 1994 is die vanselfsprekende agtergrond waarteen hierdie satire verstaan moet word.

Die werk bevat nie die bytende satire van 'n Juvenalis nie, maar is tog geslaagd. Al die karakters is van vlees en bloed; gevolglik word die oorgang van een bedeling na 'n ander gesien deur die oë van mense waarmee die leser kan vereenselwig. Hierdie mense skroom nie om op enige moontlike wyse hulle doelwitte te bereik en hulself te bevoordeel nie; sodoende lê die satire dikwels onder die oppervlakte verskuil. Op 'n kleiner skaal streef die karakters in die boek daarna om hulle trots en waardigheid te behou. Hulle wil die toekoms tegemoet kan gaan “met koppe omhoog”. Tog beteken dit nie dat die karakters sonder berou voortstorm nie. Hiermee kan die leser op 'n emosionele vlak vereenselwig. Die ondersoekende blik wat die skrywer op sy karakters rig, is deurlopend belangrik – dit is die storie binne die storie. Die spot wat gedryf word met die verskeie groepe in die satire bly die leser by en die suggestie is dat die werk wel 'n didaktiese bydrae maak. Veral vanweë die parallels tussen hierdie werk en die onlangse Suid-Afrikaanse geskiedenis, word 'n mens die geleentheid gegee om sekere aspekte van die verlede vanuit 'n vars oogpunt te beskou.

Die skrywer maak gebruik van Horatius se satiriese *dulce et decorum est pro patria mori* – ooglopend daarop gerig om by die klassieke tradisie aan te sluit, maar ook vir spot. Die bytende sarkasme, soos meesterlik benut deur Juvenalis, kom plek-plek voor, maar oor die algemeen is die satiriese effek meer subtiel.

Hierdie werk is geskik vir enige persoon wat in skerpsinnige, politieke satire belangstel. Alhoewel die skreiende sarkasme en nyd van ouer, klassieke modelle nie in Ackermann se werk te bespeur is nie, slaag die werk tog daarin om indringend die spot te dryf met kontemporêre politiek, en as sodanig slaag die werk as satire. Dit fokus lesers se aandag op die oorgang van minderheid- na meerderheidsregering en die temas wat binne hierdie konteks ondersoek word, is steeds belangrik en relevant vir die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Deur werke soos hierdie word lesers daarop attent gemaak dat die bestaande politieke bedeling nie sondermeer aanvaar hoef te word nie, maar steeds krities beoordeel moet word aan die hand van die vraag of daar werklik aan die beloftes wat aanvanklik gemaak is, voldoen word. Werke soos hierdie fokus die kritiese aandag van lesers op die politieke magshebbers van die tyd en lei lesers didakties tot 'n kritiese ingesteldheid jeens die akteurs op die politieke podium. Die belang van Ackermann se werk lê daarin dat dit die politieke ikone van hulle podiums afhaal en in die lig van die satire

blootstel en ontleed. As sodanig is Ackermann se werk 'n "pleidooi" vir sosiale kommentaar en 'n "pleitrede" daarvoor dat die optrede van regerings nie sonder blik of bloos aanvaar moet word nie, maar eerder krities betrag moet word ten einde mee te help om 'n bedeling te vestig wat werklike 'n positiewe verskil maak.

In die flikkering van die kampvuur – Laeveldse vertellings oor menswees

Nel, Jan. 2009. Laataandbiegstories en sulke dinge. Pretoria: Protea Boekhuis. 133 p. Prys: R130,00. ISBN: 978-1-86919-276-1.

Resensent: S.F. Greyling
Skool vir Tale, Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit

Laataandbiegstories en sulke dinge, 'n bundel met 21 kortverhale en vertellings uit die pen van Jan Nel, is 'n heruitgawe van die publikasie wat oorspronklik in 1995 by Van Schaik verskyn het. In die eerste verhaal, *Nag van die donkie* (p. 7), maak die leser kennis met die verteller en Wessel Watkins wat saam langs 'n hardekoolvuurtjie in die tropiese Laeveld kuier. Deur Wessel se vertelling van die slim donkie kan die verwagting geskep word dat die bundel hoofsaaklik uit grootligstories bestaan. Die bundel bied egter 'n allegaartjie van kortverhale, vertellings, essays en sketse waarin 'n laeveldse gemeenskap (en tot 'n groot mate 'n vergange era) uitgebeeld word. Ofskoon 'n paar vertellings wel kampvuurvertellings is en aan die nimlike Wessel Watkins toegeskryf word, is dit die verteller wat die gebeure en karakters telkens binne konteks plaas en wat deur sy kenmerkende waarneming, beskrywing, taalgebruik en humorsin die leser deur die bundel vergesel.

Die weerloosheid van die mens en kompleksiteit van menswees en interpersoonlike verhoudings is temas wat herhaaldelik voorkom. Die verhale wat soms humoristies, maar altyd met begrip vir die feilbaarheid van die mens vertel word, sluit vertellings in oor die onverstaanbare aantrekkingskrag tussen teenoorgesteldes (*Die wurgvy*, p. 108), huweliksmaats wat deur jare van saamleef by mekaar verbyleef (*Koebaai, koffie*, p. 53), die afvlerkvoëls in 'n gemeenskap en die uitwerking van onvoorwaardelike liefde (*Uit die bos*, p. 44; *Telling of seëning*, p. 83; *Tante word sag*, p. 25) en die oorgelewerdheid aan die natuur en menslike swakhede en twyfel (*Freek en genade*, p. 94). Waarskynlik kan die verteller se simpatieke blik op

ander toegeskyf word aan die kennis van sy eie feilbaarheid soos gesuggereer word in *Queen* (p. 110) en *Fortuin* (p. 119).

In *Laataandbiegstories en sulke dinge* is mens, gebeure en omgewing ten nouste verweef. Die verknogtheid aan die omgewing, die invloed daarvan op die individu, en die aangewesenheid op die medemens, word byvoorbeeld uitgebeeld in die verteller se herinnering oor sy eie voorsate soos *Pollie van die populiere* (p. 63), *Die dasvelkaros* (p. 71) en persoonlike ervarings soos *Laeveldkersfees* (p. 128).

Soepel taalgebruik en konkrete beskrywings van die omgewing skep 'n sintuiglike beeld van die ruimte en word terselfdertyd 'n subtile en effektiewe karakteriseringsmiddel. Die weerloosheid van die mens word ook dikwels deur die natuur gekonkretiseer en gesimboliseer.

In die kortverhaal, *Die wurgvy* (p. 108), word die kontras tussen die ingesetene en die inkomeling deur die kennis van die omgewing beklemtoon. Wanneer Katrina vir die Engelse gesin pad moet beduie, doen sy dit net soos 'n bosmens weet hoe: "by kiate en mopanies verby, op regs, en deur brakslote met harde koele en oor bulte met dopperkiaat en onder groot apiesdorings deur met die sandpad langs, tot Johann glasogig en hopeloos verdwaald is" (p. 112). Ironies genoeg is dit juis haar man se liefde vir die natuur en sy ywer om dit met Johann se pragtige jong vrou te deel, wat veroorsaak dat sowel Katrina as Johann die omgewing verlaat.

In die ontroerende *Erfgoed* (p. 48) word die wilde Piet Been se lewe op 'n besondere manier deur sy Downsindroom seun aangeraak. Piet wat onmagtig is om vir sy seun van die Woord te leer of hom te bederf, kan wel saam met hom die klein dingetjies in die natuur beleef. Wanneer Broerie op 'n jong ouderdom sterf, word hy langs die groot ysterklip onder die klossiepeerboom begrawe – "In die grond wat sy erfdeel moes wees." (p. 51.) Die verlange na en invloed van die kind op sy ouers se lewens word in die onderbeklemtoonde einde bevestig: "Dikwels het hulle somersaans saam op die hoë voorstoep gesit en gekyk na die dassiekrans wat swart lê teen die berg, sonder om te praat, en vir Broerie onthou." (p. 52.) Dit is subtile eindes soos hierdie wat die leser uitnoui om heelwat van die verhale in die bundel te herlees.

Wanneer die bundel in een sitting gelees word, kan die opvallende styl en manierismes van die verteller opvallend word en selfs gefabriseerd oorkom. Dit is egter nie hoe laataandstories om 'n kamp-

vuur vertel word nie; dit moet met verdrag en met tyd vir dink en oordink geskied. “Ons sit, kyk diep in die kole, praat nie; suig net sulke kort ietsietjies bo van die glase af en teug soms diep; soos mense wat weet dis ’n tydelike hemel dié en dit wil vashou.” (*Nag van die donkie*, p. 7.) In *Laataandbiegstories en sulke dinge* is dit veral die *diepkyk* in die menslike aard wat die oënskynlik eenvoudige verhale die kenmerkende karakter en diepgang gee: asof gewone mense in die flikkerlig van ’n kampvuur momenteel verlig word en die leser iets van menswees ontdek, maar nooit ten volle ken of verstaan nie.

Die twee gesigte van Ravensmead

De Vries, Anastasia. 2010. **Baie melk en twee sykers.** Pretoria: Protea Boekhuis. 104 p. Prys: R120,00. ISBN: 978-1-86919-345-4.

Resensent: M. Crous

Departement Tale & Literatuur,
Nelson Mandela Metropolitan Universiteit

In hierdie teks versamel Anastasia de Vries, rubriekskrywer en boekredakteur by *Rapport* ’n dertigtal kort sketse oor Ravensmead, die woonbuurt naby Kaapstad en oor sy mense se doen en late. Reeds in die openingsverhaal word Ravensmead as ruimte geteken en word daar gewys op die “twee wêrelde” wat hier byeenkom. Aan die een kant is daar diegene wat ’n bestaan probeer voer, terwyl daar aan die ander kant diegene is wat “met ons boekgelerenteit” (p. 9) probeer om ’n beter lewe vir hulle en hul kinders te vestig. Uit hierdie openingsverhaal leer die leser ook dat niks werklik ’n geheim in Ravensmead is nie, want “jy kan dink jy kan goete onder die komberse aanvang – jou tone steek uit” (p. 10). Dikwels word ’n skinderstorie of ’n gedeelte van ’n storie wat vertel word, as die vertrekpunt vir ’n verhaal gebruik. ’n Misverstand, die kern van enige komiese verhaal, word ook dikwels aangewend om ’n bepaalde greep uit die lewe van ’n karakter te belig.

Dit is teen hierdie agtergrond wat De Vries haar verhale situeer. Dit word deernisvolle portrette van haar ouers, van interessante figure uit die omgewing en die alledaagse belewenisse van die inwoners. Deurgaans maak sy ook in die boek gebruik van ’n Kaapse idioom en dit word veral in die dialoog weerspieël, sonder om leesver-sperrend te wees. Die teks is vol humor te midde van al die hartseer en ellende wat dikwels tekste oor sulke sosio-ekonomiese realiteite kenmerk.

Soos die titel van die versameling suggereer, is soet tee met baie melk 'n vertroosting in nood en die oorgrote meerderheid van die verhale dra hierdie boodskap oor. Dit vertel van swarkry en ellende, of van iemand wat moes weggaan omdat sy swanger geraak het, maar met die terugkeer word sy vergewe, tee aangebied en word so weer deel van die gemeenskap. Die verhale in hierdie bundel dien ook as vertroosting. Die leser kan hom inlewe in die verhaal van die oempie-mettie-rympies en sy leertassie (p. 21), of van juffrou Bettie wat lank weg was om haar tande te laat trek, maar dan met 'n babatjie in 'n vrugteboks terugkom, of die storie van die huis in Nr. 11 Sonop (p. 64) wat leeg staan omdat dit 'n huis van trane is.

Die kultuurverskille in die tekste lei ook tot interessante situasies. So raak Lola Jansen (geb. Titus) verlief op 'n man uit Nederland en haar mense is baie trots dat sy met 'n "regte, propperse witte man van oorkant die waters" (p. 56) deurmekaar is. Haar ma visualiseer alreeds die "string blonde kleinkinders", maar dan slaan die Hollander se verkramptheid deur en kla hy oor Lola se bloedrooi naels.

De Vries se verhale getuig van fyn waarneming en optekening in 'n eiesoortige idioom. Dit is verhale van iemand wat bekend is met die mense, die taal en die gebruike van die gemeenskap en wat dit dan in haar verhale inweef. Hier en daar het ek probleme gehad met die slot van die verhale, want vanweë die anekdotiese aard van die verhale moet dit tot 'n logiese slotsom kom en dan slaag dit nie deurentyd nie. De Vries se bundel is 'n eenheidsbundel wat rondom een bepaalde plek en etlike karakters sentreer wat in meer as een verhaal voorkom. Ek sien uit na die roman wat sy oor die mense van Ravensmead gaan skryf – die tweegesigplek wat "wydsbeen oor twee wêrelde staan" (p. 9).